Fichardtpark Preprimêr
Fichie Welpies

Tel: 051-5227730
Faks: 086 575 8564
E-Pos: welpies@fichies.co.za

Altonasingel 16
Fichardtpark
9301

Posbus 32010
Fichardtpark
9317

TOELATINGSBELEID

BELEID VAN FICHARDTPARK PRIMêRE SKOOL RAKENDE DIE TOELATING VAN KLEUTERS TOT DIE WELPIES

Die skoolbeheerliggaam (SBL) van Fichardtpark Primêre Skool is verantwoordelik vir die beheer en bestuur van Welpie Kleuterskool en daarom verklaar die SBL namens die Skool nou die Skool se Beleid vir die Toelating van Kleuters tot die Skool soos volg:

1. AANSOEKE OM TOELATING TOT DIE SKOOL

1.1 Die Skool en die SBL sal van die Prinsipaal verwag om die inligtingsbylae vir beheerliggaamdoeleindes (hierby aangeheg) by die voorgeskrewe aansoekvorm in te sluit en die voltooiing daarvan deur die aansoeker te verseker.

1.2 Die Skool en die SBL sal van die Prinsipaal verwag om te verseker dat aansoekers van die volgende in kennis gestel word en ook skriftelik bevestig dat hulle dit gelees het en begryp:

(a) die SBL-grondwet;
(b) die Skool se missiestelling, taalbeleid en godsdiensbeleid;
(c) die Gedragskode vir Kleuters; en
(d) hierdie toelatingsbeleid.

1.3 Die Skool en die SBL onderskryf die siening dat ingevolge die reg en by gebrek aan 'n hofbevel tot die teendeel, die wettige Ouer(s)/voog(de) van 'n minderjarige kleuter die uitsluitlike reg het om te besluit by watter skool hulle kind/pleegkind ingeskryf word. Gevolglik aanvaar die Skool en SBL geen aansoek tensy dit ingedien word deur die ouer(s)/voog(de) van, of die persoon/persone met wettige aanspraak op sorg vir die minderjarige kleuter, of 'n persoon/persone wat skriftelik deur hulle daartoe gemagtig word nie. Voorts beskou die Skool en die SBL nougesette nakoming van hierdie benadering as noodsaaklik aangesien dit verseker dat geldige toestemming verleen word vir die behandeling van die kleuter *in loco parentis*, vir die kleuter se deelname aan uitstappies, ensovoorts. Gevolglik word daar van die Prinsipaal verwag om te verseker dat hierdie benadering streng nagekom word.

1.4 Onderhewig aan hierdie beleid vereis die SBL dat die Prinsipaal kleutertoegang tot dié Skool, in oorleg met die Fichardtpark Primêr Skool koördineer, en onderneem die SBL om opbouende ondersteuning in die vorm van 'n toelatingskomitee te verleen ten einde te verseker dat alle geskikte kleuters toepaslik toelating ontvang.

1.5 As 'n voorvereiste vir enige besluit rakende die toelating van 'n kleuter tot die Skool, vereis die Skool en die SBL dat die Prinsipaal die volgende bepaling van die Grondwet streng nakom –

"28 (2) – 'n Kind se beste belang is van deurslaggewende belang in elke aangeleentheid wat die kind raak".

2. DIE SKOOL SE GEDRAGSKODE VIR KLEUTERS

Aansoekers word aangemoedig om die Skool te ondersteun deur hulleself van die Skool se Gedragskode vir Kleuters te vergewis en die nakoming daarvan deur kleuters te verseker.

3. SKOOLGELD

3.1 Welpies is uitgesluit van die bepalings van die Suid-Afrikaanse Skolewet wat handel oor die vrystelling van skoolgeld en kleuters sal toelating geweier word indien skoolgeld nie betaal kan word nie.

3.2 Skoolgeld word jaarliks deur die SBL vasgestel en ouers sal voor die einde van elke jaar ingelig word oor die skoolgeld van die daaropvolgende jaar.

3.3 Ouers van kleuters word aangemoedig om die hoë onderrigstandaard en die goeie skoolfasiliteite en -omgewing in stand te hou deur skoolgeld op datum te betaal.

3.4 Skoolgeld kan net deur middel van 'n debietorder betaal word en 'n kleuter sal toegang tot die skool geweier word indien skoolgeld agterstallig is.

4. VEREISTE DOKUMENTE VIR TOELATING

'n Ouer moet 'n aansoekvorm om toelating voltooi, welke vorm die prinsipaal aan hom/haar moet beskikbaar stel.

Tesame met die aansoekvorm moet die ouer 'n amptelike geboortesertifikaat van die kleuter aan die prinsipaal toon. Die prinsipaal moet die ouers inlig dat dit 'n misdryf is om 'n valse verklaring oor die ouderdom van die kleuter te maak.

By aansoek om toelating moet die ouer bewys lewer dat die kleuter teen die volgende siektes ingeënt is: polio, masels, tuberkulose, witseerkeel, klem-in-die-kaak en hepatitis B. Die aangehegte **immuniseringsertifikaat** moet gebruik word.

Die aangehegte **gedragsertifikaat** moet deur die vorige skool/speelgroep voltooi word en die kontakbesonderhede en kontakpersoon moet voorsien word. Die skool behou die ook reg voor om die sertifikaat direk van die vorige skool/speelgroep aan te vra.

Sien aanhangsel A by hierdie beleid vir 'n volledige lys van vereiste dokumente vir toelating.

Geen onvolledige aansoek sal in oorweging geneem word nie,

5. KLEUTEROUDERDOMSVEREISTES EN KLEUTERVAARDIGHEDE VIR TOELATING TOT DIE SKOOL

5.1 Kleuter word toegelaat in die jaar waarin hulle 3 jaar oud word as dit in die eerste kwartaal is.

5.2 Kleuters mag in die skool aanbly tot aan die einde van die jaar waarin hulle vyf jaar oud word.

5.3 'n Kleuter moet reeds in staat wees om onafhanklik die toilet te gebruik.

6. TYDPERK VIR REGISTRASIE

6.1 Aansoek om toelating begin op 1 Februarie en sluit sodra al die plekke gevul is.

6.2 Alle aansoeke om toelating tot die skool namens 'n kleuter word per e-pos aan die skool gestuur.

6.3 Die ouers van die kleuter sal binne 'n redelike tydperk skriftelik van die aanvaarding of afwysing van hulle aansoek in kennis gestel word en geen onsuksesvolle aansoeke sal na die volgende jaar oorgedra word nie.

6.4 Alle onsuksesvolle aansoekers sal dan in chronologiese orde op die waglys geplaas en aangeraai word om by ander skole buiten die Skool aansoek te doen.

6.5 Die Skool sal 'n behoorlike register van alle aansoeke om toelating byhou.

7. KAPASITEIT

Die SBL het die Skool se maksimum kapasiteit vir kleutertoelating soos volg bepaal:
Totale getal kleuters in Skool: 88
Maksimum per klas: 30, 30 en 28 in die onderskeie klasse

Die volgende faktore is by die bepaling van die Skool se kapasiteit in ag geneem:

- Dat die kleuter se belange voorkeur geniet
- Die aantal beskikbare opvoeders
- Die beskikbare ruimte vir administratiewe behoeftes
- Die beskikbare aantal geskikte klaskamers
- Die behoefte aan ruimte vir skoolaktiwiteite
- Die beskikbare sanitêre geriewe
- Parkeergeriewe
- Veiligheidsmaatreëls

- Internasionaal erkende beste praktyk met betrekking tot klasgroottes ten einde doelmatige en doeltreffende onderrig van gehalte te lewer

8. SKOOLEIENDOM

Aansoekers se aandag word op die volgende gevestig:

(1) Elke kleuter by die skool sal goed omsien na die eiendom van die skool wat tot sy/haar beskikking gestel word, en sal dit voor of op die datum wat deur enige opvoeder by die skool aangedui word, aan die skool terugbesorg.

(2) Die ouers van 'n kleuter by die skool sal aanspreeklik wees vir enige skade aan of verlies van skooleiendom waarvoor die betrokke kleuter op sy/haar beurt teenoor die skool aanspreeklik is.

(3) Dit is elke ouer se plig om die beheerliggaam van 'n skool in die bevordering van 'n kultuur van respek vir skooleiendom by te staan.

10. RISIKO VAN SKADE OF VERLIES

Aansoekers word daarop gewys dat die Skool geen aanspreeklikheid aanvaar vir skade aan, die vernietiging of verlies van enige eiendom wat deur die kleuter of sy/haar ouer(s) op die skoolperseel gebring word nie, ongeag wie sodanige skade, vernietiging of verlies veroorsaak, hoe dit veroorsaak word, of dit deur iemand se optrede of versuim veroorsaak word, en of dit opsetlik of weens nalatigheid veroorsaak word. Die Skool aanvaar geen aanspreeklikheid nie. Kleuters word aangemoedig om na enige eiendom wat op die Skoolperseel gebring word om te sien, en aansoekers en ouers van kleuters word aangemoedig om self die nodige versekering teen sodanige skade, vernietiging of verlies uit te neem.

11. VOLGORDE VAN VOORKEUR MET BETREKKING TOT TOELATINGSAANSOEKE

11.1 Die natuurlike voedingsgebied van die Skool is Fichardtpark woonbuurt.

11.2 Die Skool is tans 'n Afrikaans medium-instelling en beskik dus oor menslike hulpbronne wat hoofsaaklik voorsiening maak vir daardie kleuters wie se moedertaal of gekose onderrigtaal die onderrigtaal van die Skool is.

11.3 Aangesien die Skool en die SBL weet dat hulle nie onregverdig teen 'n kleuter mag diskrimineer namens wie 'n toelatingsaansoek ingedien word nie, en dus geensins voornemens is om te diskrimineer nie, begryp hulle dat die Skool nie alle kleuters kan inneem nie en dat een of ander vorm van (billike) diskriminasie rakende kleutertoelating onvermydelik is. Daarom en in die lig van voorgenoemde, is dit die Skool se beleid dat aansoeke in die volgende volgorde van voorkeur hanteer word –

(a) Eerstens, aansoeke namens kleuters wat kinders van personeel van Fichardtpark Primêre Skool of die Fichie Trust is.

(b) Tweedens, aansoeke namens kleuters wat reeds ŉ broer of suster in Fichardtpark Primêre Skool het en wie se skoolgelde op datum betaal is of wie ŉ broer of suster in Fichardtpark Primêre Skool gehad het en wie se skoolgelde ten volle betaal is, of wie se ouer/ouers ŉ oud-leerder van Fichardtpark Primêre Skool was.

(c) Derdens, aansoeke namens kleuters wat binne die natuurlike voedingsgebied van die Skool woon, en wie se moedertaal die onderrigtaal van die Skool is.

(d) Vierdens, aansoeke namens kleuters wat *bona fide* (werklik) saam met hulle ouers binne die natuurlike voedingsgebied van die Skool woon, en wie se gekose onderrigtaal (welke keuse deur die ouer(s) op die toelatingsaansoek aangedui word) die onderrigtaal van die Skool is.

(e) Vyfdens, aansoeke namens kleuters wie se ouer(s) werklik by 'n adres binne die natuurlike voedingsgebied van die Skool in diens is, en wie se moedertaal die onderrigtaal van die Skool is.

(f) Sesdens, aansoeke namens kleuters wie se ouer(s) werklik by 'n adres binne die natuurlike voedingsgebied van die Skool in diens is, en wie se gekose onderrigtaal (welke keuse deur die ouer(s) op die toelatingsaansoek aangedui word) die onderrigtaal van die Skool is.

(g) Laastens, aansoeke namens kleuters wat buite die natuurlike voedingsgebied van die Skool woon en wie se moedertaal of gekose onderrigtaal die onderrigtaal van die Skool is, op 'n eerste-kom, eerste-keuse-grondslag.

14. DIE SBL EN DIE KLEUTERS VAN DIE SKOOL

14.1 Die SBL beskou homself gebonde tot die beskerming van die opvoeders, kleuters, ouers en nie-opvoeders van die Skool teen liggaamlike of geestelike geweld in soverre die SBL by magte is daartoe, en voorts tot die koestering van die liggaamlike, geestelike en morele welsyn van kleuters. Vir hierdie doeleinde -

(a) behou die SBL die reg voor om die dissiplinêre en gedragsrekord van enige voornemende kleuter by die Skool te bestudeer, en alle stappe binne sy mag te doen om die toelating van 'n kleuter te verhoed wie se gedrag juis daardie beste belange kan bedreig wat die SBL genope voel om te beskerm;

(b) mag die SBL die ouer om inligting vra en met hom/haar in geding tree oor die wysheid van die toelating van 'n kleuter by die Skool wanneer sodanige kleuter ernstig benadeel sal word deur sy/haar onvermoë om op die vereiste vlak vir behoorlike onderrig in daardie graad te kommunikeer of mee gekommunikeer te word;

(c) verwag die SBL dat personeellede, kleuters of ouers enige saak by hom sal aanmeld met betrekking tot die misbruik van regte of inbraak op die belange wat die SBL juis wil beskerm.

15. DIE OUERS EN DIE SKOOL/SBL

15.1 Ouers van kleuters word versoek om die voorgeskrewe toestemmingsvorm in te vul ten einde die Skoolpersoneel daartoe in staat te stel om in noodgevalle in die beste belang van die kleuter op te tree of die kleuter se pyn of ongemak te verlig totdat die ouer(s) kan ingryp.

15.2 Ouers word aangemoedig om by al die werksaamhede van die Skool betrokke te raak, aan te bied om lede te word van die beheerstrukture en ondersteuningsgroepe wat die belange van die Skoolgemeenskap dien, en die onderrigproses te ondersteun deur opbouend met opvoeders om te gaan en te verseker dat kleuters opgelegde take en huiswerk pligsgetrou en nougeset doen. Daar word voorts van ouers verwag om te verseker dat hulle kinders behoorlik toegerus is om ten volle aan die onderrigproses deel te neem en dat hulle skool stip op tyd en gereeld bywoon.

16. Hierdie beleid mag van tyd tot tyd deur die SBL gewysig, aangevul, verander of aangepas word.

Aanhangsel A

Vereiste inligting vir beheerliggaam doeleindes verstrek moet word:

1. Die naam, woonadres, werkadres en alle telefoon-, faks- of e-pos besonderhede van elke ouer of voog.

2. 'n Gewaarmerkte afskrif van enige hofbevel of enige testamentêre geskrif wat voogskap of wettige aanspraak op sorg, of enige soortgelyke reg van die persoon (“ouer”) wat daarop aanspraak maak, bevestig

3. 'n Beëdigde verklaring, werkgewersertifikaat, elektrisiteitsrekening of enige ander bewys wat redelikerwys deur die SBL vereis mag word om 'n kleuter en sy/haar “ouers” se woonplek, of die feit en plek van indiensneming van die kleuter se “ouers” te verifieer

4. 'n Afskrif van 'n identiteits- of ander dokument wat die identiteit van elke persoon wat onder die omskrywing van “ouer” val, tot die redelike bevrediging van die SBL bevestig

5. Skriftelike magtiging deur die ouer(s)/voog(de)/persoon na wie in punt 2 verwys word, aan enige persoon om hom/haar/hulle in die aansoek om toelating van die kleuter tot die Skool of in enige ander aangeleentheid met betrekking tot die kleuter te verteenwoordig

6. Die onderrigtaal wat namens die voornemende kleuter gekies word

7. Besonderhede van enige aanmeldbare siekte waaraan die kleuter (moontlik) ly

8. 'n Voltooide gedragsertifikaat van die skool waar die kleuter tans ingeskryf is

9. Besonderhede van enige toestand van die kleuter wat die liggaamlike welsyn van enige ander kleuter of personeellid van die Skool kan raak

10. Besonderhede van enige bepaalde behoeftes wat die kleuter mag hê en wat mag aandag verg om die kleuter se skoolervaring te maksimaliseer of sy/haar beste belange te bevorder

11. Besonderhede van enige toestand of omstandighede waarvan die Skool bewus behoort te wees ten einde die beste belange van die kleuter en/of enige ander kleuters van die Skool te beskerm